

**WAT IS DIE BEGROTING?**

Jaarliks, gedurende Februarie, kondig die Minister van Finansies die regering se spanderings-, belasting-, en leningsplanne vir die volgende drie jaar aan.

Dit word die Nasionale Begroting genoem. Die Nasionale Begroting verdeel geld tussen nasionale departemente, provinsies en munisipaliteite.

# UITDAGENDE TYE, VERANTWOORDELIKE KEUSES

**n**Begroting is die finansiële spieël van hoe 'n regering op sy samelewing se aspirasies reageer. Die 2015 Begroting herbevestig die regering se verbintenis tot die verbetering van die lewens van armes, selfs terwyl beskikbare hulpbronne onder druk is.

Sedert 2009, het Suid-Afrika, soos baie ander lande, 'n moeilike tydperk van traie ekonomiese groei en toenemende staatskuld beleef. Ons land benodig ekonomiese groei van ongeveer 5 persent per jaar om werkloosheid en armoede te verminder. Tans is daardie teiken moeilik bereikbaar, wat gedeeltelik toegeskryf word aan 'n swak globale omgewing. Op eie bodem het uitdagings soos 'n tekort

aan elektrisiteit, vaardighede en stakings, groei beperk. Na verwagting sal die ekonomie in 2015 met 2 persent groei, groei sal swak bly en teen 2017 3 persent bereik. As gevolg van die traie groei sal hulpbronne beperk wees en verantwoordelike keuses gemaak moet word in die toewysing daarvan. Die 2015 Begroting is 'n weerspieëling van sulke keuses.

Regeringsbesteding, uitgesluit die bedrag wat vir die diens van staatskuld betaal word, sal van R1.12 triljoen in 2014/15 na R1.41 triljoen in 2017/18 toeneem. Die regering sal die sterk groei in kritiese areas van maatskaplike besteding handhaaf. So byvoorbeeld sal naskoolse onderwys een van die terreine bly waar uitgawes die vinnigste groei – met 'n

groekoers van 7.1 persent per jaar – aangesien onderwys sentraal staan tot die regering se plan om die lewens van mense te verbeter. Toekennings aan die Nasionale Finansiële Hulpskema vir Studente sal R6.9 miljard in 2017/18 bereik.

Sentraal tot die regering se ontwikkelingsplan staan die voorsiening van ekonomiese infrastruktuur om groei te ondersteun. Die regering sal R813.1 miljard oor die volgende drie jaar aan infrastruktuur bestee. R669 miljard daarvan sal bestee word aan kritiese projekte ten opsigte van vervoer, energie en logistiek. Maatskaplike infrastruktuur is ook belangrik omdat dit bydra tot die uitwisseling van armoede en die verbetering in lewenskwaliteit.

Die regering het 50 groot gesondheidsinfrastruktuurprojekte waarvoor R9.3 miljard oor die volgende drie jaar begroot is.

Omdat die regering aanvaar dat die inkomste wat ingevorder word beperk is, is stapte geneem om vrugtelose uitgawes te verminder en doeltreffendheid te verbeter. Dit sluit in 'n vermindering in bedrae wat op nie-noodsaaklike items bestee word, om sodoende meer hulpbronne vir kritiese terreine beskikbaar te stel. Die 2015 Begroting moedig besteding aan waarvoor verantwoording gedoen kan word, wat deursigtig is en reageer op die behoeftes van die bevolking, om sodoende die land op 'n pad te plaas wat dit moontlik maak om verder op sy suksesse van die afgelope 21 jaar uit te brei.



1. Boodskap van die Minister
2. Bestuur infrastruktuur
3. Beskerm maatskaplike welvaart
4. Maatskaplike toelaes



1. Onderwys en gesondheid
2. Die Begroting
3. Waar geld vandaan kom
4. Hoe sal dit bestee word



1. Inkomstebelastingswysigings
2. Nuwe belastingkoerce
3. Hereregte verligting
4. Aksynsbelasting verhoging





# BOODSKAP VAN DIE MINISTER

**D**ie 2015 Begroting word ter tafel gelê in 'n tyd waar Suid-Afrika vele uitdagings in die gesig staar, waarvan nie die minste is nie die swak vertoning van die ekonomiese, elektriesiteitsvoorsieningsuitdagings, en die beperkte beweegruimte waarbinne die regering openbare finansies moet bestuur.

Die gunstige toestande wat hoe groeikoerse in die regering se besteding in die afgelope jaar ondersteun het, bestaan nie meer nie. Die regering het dus 'n reeks maatreëls voorgestel wat die gaping tussen dit wat die regering as inkomste invorder (hoofsaaklik belastings) en dit wat spandeer word, die sogenaamde begrotingstekort, te verminder.

Hierdie stappe is noodsaaklik om volgehoue vooruitgang na 'n beter lewe vir almal te verseker. Dit komplementeer hervormings wat, indien dit suksesvol geïmplementeer word, die grondslag vir hoër ekonomiese groei en werkskepping in die toekoms sal lê.

Die regering is verplig om die openbare finansies te beskerm. As dit nie gedoen word nie sal die risiko geloop word om die land aan 'n skuldstrik bloot te stel, met nadelige gevolge vir ontwikkeling, aangesien 'n groter deel van die begroting gebruik sal moet word om rente op skuld te betaal.

Nieteenstaande die swakker ekonomiese omgewing en die beperkte fiskale beweegruimte, bly die 2015 Begroting gefokus op die transformasie van ons samelewing oor die lang termyn. Terwyl ons geen ander keuse het as om op ons veranderde omstandighede te reageer nie, bly ons hoofdoel die heropbou en ontwikkeling van ons land, die bou van 'n gedeelde toekoms waar ons trots kan wees op die gehalte van openbare dienste, die skepping van werksgleenthede en veiligheid in ons gemeenskappe.

# **BESTUUR VAN STEDE EN INFRASTRUKTUURNETWERKE**

**A**s 'n fokuspunt vir handel, bevorder stede wat behoorlik beplan en goed instandgehou is, ekonomiese ontwikkeling. Versnelde verstedeliking in baie van Suid-Afrika se groot stede plaas druk op infrastruktuur wat aanvanklik ontwerp was om 'n kleiner stedelike bevolking te huisves.

Die verandering van die stedelike landskap vereis die heraktivering van belegging in bekostigbare behuising en die verbetering van infrastruktuurnetwerke – veral ten opsigte van vervoer. Die nasionale regering voorsien infrastruktuurondersteuning

## **Om die mobiliteit van mense in sosiale en ekonomiese ruimtes soos stede te verbeter, is snelbusvervoerstelsels in drie Suid-Afrikaanse stede bekendgestel**

aan plaaslike owerhede deur oordragte, hoofsaaklik die munisipale infrastruktuurtoekenning. Hierdie toekenning sal R46.9 miljard oor die volgende drie jaar beloop.

Die Department van Menslike Nedersettings het beoog om 'n bykomende 1.5 miljoen behuisingsgeleenthede teen 2019 te skep. As deel van die Departement se Meester Ruimtelike Plan is R33.3 miljard oor die volgende drie

jaar aan metropolitaanse stede beskikbaar gestel vir die voorsiening van grootmaat infrastruktuur, grond en basiese dienste

Om die mobiliteit van mense in sosiale en ekonomiese ruimtes soos stede te verbeter, is snelbus vervoerstelsels in drie Suid-Afrikaanse stede bekendgestel – die *Rea Vaya* stelsel in Johannesburg, *My Citi* in Kaapstad en *Are Yeng* in Pretoria. Openbare vervoer subsidies van die Departement van Vervoer sal voorsien vir die voortgesette ondersteuning vir 'n meer effektiewe vervoerstelsel. Hierdie subsidies sal teen 'n jaarlikse koers van 4.3 persent oor die volgende drie jaar groei.



# **BESKERMING VAN MAATSКАPLIKE BESTAANSBEVEILIGING EN MAATSКАPLIKE WELVAART**

**D**ie regering is onwrikbaar in hul verbintenis om ongelykheid en armoede uit te wis. Een van die maniere om dit 'n werklikheid te maak is om ondersteuning aan kwesbare burgers te gee deur die voorsiening van maatskaplike toelaes.

Teen 2018 sal 17.5 miljoen Suid-Afrikaners een of ander vorm van maatskaplike toelaag ontvang. 'n Maatskaplike toelaag is die mees

direkte manier waarop die armoede uitdaging wat ons land in die gesig staar, aangespreek kan word. Dit is spesifiekerig op bejaardes, oorlogsveterane, kinders en mense met gestremdhede. Die aanvulling van die inkomste van hierdie huishoudings dien as beskerming teen armoede. Oor die volgende drie jaar sal die Suid-Afrikaanse Agentskap vir Maatskaplike Sekerheid voortgaan om maatskaplike toelaefasilitete uit te brei.

# MAATSKAP-LIKE TOELAES



**T**een 2017/18 sal besteding op maatskaplike bystand R149 miljard bereik, wat die regering se verbintenis tot die beskerming van die mees kwesbaarstes weerspieël. Pogings om jong kinders onder die ouderdom van twee wat in aanmerking kom maar tans nie 'n toekenning ontvang nie te registeer, word aangewend.

<b>2014/15</b>	<b>2015/16</b>
<b>STAATSOUDERDOMSPENSIOEN</b>	
R1 350	R 1 410
<b>STAATSOUDERDOMSPENSIOEN, OUER AS 75</b>	
R1 370	R 1 430
<b>TOELAE VIR OUDSTRYDERS</b>	
R1 370	R 1 430
<b>ONGESIKKTHEIDSTOELAE</b>	
R1 350	R 1 410
<b>PLEEGSORG TOELAE</b>	
R830	R860
<b>SORGAFHANKLIKHEIDSTOELAE</b>	
R1 350	R 1 410
<b>KINDERONDERHOUDSTOELAE</b>	
R315	R330

# ONDERWYS EN GESONDHEID BLY KERN BESTEDINGSGEBIEDE

Die welsyn van 'n samelewing word gemeet aan die burgers se vermoë om toegang tot gehalte dienste te kry, veral ten opsigte van onderwys en gesondheidsorg. Terwyl betekenisvolle vooruitgang op hierdie gebiede oor die afgelope twee dekades gemaak is, moet heelwat nog gedoen word om Suid-Afrikaners gesond en beter geskoold te maak. Oor die volgende drie jaar:



## 1 R7 MILJARD

sal aan die voorwaardelike toekenning vir skool infrastruktuur-agterstand gaan om infrastruktuur in 510 skole te vervang en water aan 1120 skole te voorsien, asook sanitasie aan 741 en elektrisiteit aan 916 skole.



## 2 R19.5 MILJARD

sal deur die Department van Gesondheid belê word in die instandhouding en opknapping van gesondheidsfasiliteite en sewe ander mega-projekte, wat deur die provinsiale en nasionale departemente bestuur sal word.



## 3 R3.1 MILJARD

sal aan die Fukza Lushaka beursskema toegeken word om te verseker dat daar voldoende jong en goed gekwalifiseerde onderwysers beskikbaar is. Teen 2017/18 sal ten minste 10 200 nuwe onderwysers tot die staatsdiens toetree.





## 4 11 DISTRIKTE

Die Department van Gesondheid is in die vierde jaar van die 15-jaar ingefaseerde implementering van die Nasionale Gesondheidsversekering, en loodsaktiwiteite is reeds in proses in 11 distrikte.

## WAAR DIE GELD VANDAAN KOM

BELASTINGINKOMSTE	2015/16	%
PERSOONLIKE INKOMSTEBELASTING	393.9	36.4
KORPORATIEWE INKOMSTEBELASTING	202.0	18.7
BTW	283.8	26.2
DOEANEBELASTING	76.1	7.0
BRANDSTOFHEFFINGS	55.7	5.1
ANDER	69.8	6.5
<b>TOTAAL</b>	<b>1081.3</b>	<b>100.0</b>



## HOE WORD DIE BEGROTING SAAMGESTEL?

**E**lke jaar publiseer die regering 'n Begrotingsoorsig wat vooruitskattings maak oor hoeveel inkomste die regering kan invorder en dus sy ruimte om te kan spandeer bepaal.

Die eerste stap is om vas te stel hoeveel inkomste die regering kan invorder en hoeveel dit in staat is om te leen. Om vooruitskattings ten opsigte van inkomste te maak, moet die ekonomiese omgewing in aanmerking geneem word. Hoe meer die ekonomie groei, hoe meer inkomste kan die regering invorder. Gewoonlik bestee die regering meer as die inkomste wat ingevorder word. Dit vereis van die regering om by beleggers geld te leen om besteding te befonds.

Voordat die regering geld aan sy prioriteite kan bestee, moet rente eers op die skuld wat oor die jare opgehoop het betaal word. Daar word na hierdie skuld as 'n direkte las verwys aangesien hierdie verpligting eertstens deur die regering nagekom moet word. Ander direkte laste sluit in die algemene brandstofheffing aan plaaslike regerings en die vaardigheidsontwikkelingsheffing. Die regering moet ook geld opsit vir onvoorsiene gebeure soos oorloë en natuurrampe. Dit word 'n gebeurlikheidsreserwe genoem. Eers nadat die regering hiervoor voorsiening gemaak het word die res van die fondse tussen die nasionale, provinsiale en

plaaslike regerings verdeel. Hierna word verwys as die verdeling van inkomste.

Terwyl die Nasionale Tesourie verantwoordelik is om die Begroting te publiseer, betrek die proses vir die vooruitskattung van inkomste, hoeveel geleent moet word en bepaling van bestedingsprioriteite al drie vlakke van regering, sowel as politici. Hierdie besluite is vervat in die hoofstukke van die Begrotingsoorsig - wat elkeen deur verskillende afdelings in

die Tesourie saamgestel is. Die Minister van Finansies bied dan die begroting in die Parlement aan, gevolg deur 'n konsultasieproses. Sodra die Parlement die Begroting goedgekeur het, word dit aanvaar en word dit die Begroting van die Parlement.



# 2015 BELASTING VOORSTELLE

# PERSOONLIKE INKOMSTEBELASTING

# HOE SAL **PERSOONLIKE INKOMSTE** BELASTINGS-WYSIGINGS JOU BEïNVLOED?

Die 2015 Begroting maak 'n paar veranderinge aan persoonlike inkomstebelasting, insluitende veranderinge aan belastingkerwe en -kortings om verligting te gee ten opsigte van die invloed van inflasie. Hierdie Begroting maak voorsiening vir 'n toename in die marginale belastingkoerse vir individue wat meer as R181 900 verdien en 'n toename in mediese

<b>BELASTINGDREMPELS</b>	<b>2014/15</b>	<b>2015/16</b>
<b>Onder die ouderdom van 65</b>	R70 700	R73 650
<b>Ouderdom 65 tot 74</b>	R110 200	R114 800
<b>Ouderdom 75 en ouer</b>	R123 350	R128 500

Die nuwe belastingdrempels is die gevolg van die verhoging van belastingkortings vir individuele belastingbetaalers:

<b>BELASTINGKORTINGS</b>	<b>2014/15</b>	<b>2015/16</b>
<b>Primêr (vir alle belastingbetalers)</b>	R12 726	R13 257
<b>Sekondêr (ouderdom 65 en ouer)</b>	R7 110	R7 407
<b>Tersiêr (ouderdom 75 en ouer)</b>	R2 367	R2 466

## **HOE DIE NUWE BELASTINGKOERSE JOU SAK RAAK**

Belasting betaalbaar vir die belastingjaar wat op 29 Februarie 2016 eindig.

<b>BELASBARE INKOMSTE VAN INDIVIDUE (R)</b>	<b>BELASTING BETAALBAAR (R)</b>
<b>0 tot 181 900</b>	18% van belasbare inkomste
<b>181 901 tot 284 100</b>	32 742 + 26% van belasbare inkomste bo 181 900
<b>284 101 tot 393 200</b>	59 314 + 31% van belasbare inkomste bo 284 100
<b>393 201 tot 550 100</b>	93 135 + 36% van belasbare inkomste bo 393 200
<b>550 101 tot 701 300</b>	149 619 + 39% van belasbare inkomste bo 550 100
<b>701 301 en meer</b>	208 587 + 41% van belasbare inkomste bo 701 300
<b>Trusts, uitgesluit spesiale trusts</b>	Belastingkoers van 41%

BRANDSTOF EN PADONGELUKKEFONDS

# **VERHOGING VAN DIE ALGEMENE BRANDSTOF- EN PADONGELUKKE- FONDSHEFFINGS**

Die algemene Brandstofheffing en die Padongelukkefondsheffing sal onderskeidelik met 30.5 sent per liter en 50 sent per liter vanaf 1 April

2015 styg. Dit sal die algemene Brandstofheffing op petrol na R2.55 per liter brandstof en R2.40 per liter diesel opstoot.

HEREREGTE

# HEREREGTE **VERLIGTING**



**D**ie 2015 Begroting voorsien ook aan huiskopers in die middel-inkomste groep verligting ten opsigte van die betaling van hereregte. Vanaf 1 Maart 2015 sal hereregte op eiendomme wat tot R750 000 kos, verval. Daarbenewens sal daar 'n verlaging wees in hereregte betaalbaar-

op eiendomme tot R2.65 miljoen en 'n verhoging in hereregte betaalbaar op eiendomme van meer as R2.65 miljoen. Hereregtelike toepassing op eiendom wat op of na 1 Maart 2015 bekom word deur enige persoon (insluitende maatskappye, beslote korporasies of trusts) is as volg:

WAARDE VAN EIENDOM	KOERS
<b>R0 – R750 000</b>	0%
<b>R750 001 – R1 250 000</b>	3% op die waarde bo R750 000, maar hoogtens R1 250 000
<b>R1 250 001 – R1 750 000</b>	R15 000 plus 6% op die waarde bo R1 250 000, maar hoogtens R1 750 000
<b>R1 750 001 – R2 250 000</b>	R45 000 plus 8% op die waarde bo R1 750 000, maar hoogtens R2 250 000
<b>R2 250 001 en meer</b>	R85 000 plus 11% op die waarde bo R2 250 000

TABAK- EN ALKOHOLAKSYNSBELASTING

# **VERHOGING VAN TABAK- EN ALKOHOL- AKSYNSBELASTING**

Aksynsbelasting op alkoholieuse drank (spesifiek bier, vonkelwyn en sterk drank) sal met tussen 4,8 en 8,5 persent verhoog. Die verhogings in aksynsbelasting is as volg:

	<b>VERHOOG MET:</b>
<b>Moutbier</b>	7c per 340ml blikkie
<b>Ongefortifiseerde wyn</b>	15c per 750ml bottel
<b>Gefortifiseerde wyn</b>	19c per 750ml bottel
<b>Vonkelwyn</b>	48c per 750ml bottel
<b>Appelwyn en alkoholiese vrugte dranke</b>	7c per 330ml bottel
<b>Sterk drank</b>	R3.77 per 750ml bottel
<b>Sigarette</b>	82c per pakkie van 20
<b>Sigarettabak</b>	91c per 50g
<b>Pyptabak</b>	26c per 25g
<b>Sigare</b>	R3.09 per 23g

## KLEIN BESIGHEIDSBELASTING

# GROTER VOORDEEL VIR MIKROBESIGHEDE



Mikrobesighede sal vanjaar voordeel trek uit verlaagde belastingkoerse ten opsigte van omsetbelasting.

<b>Belasbare omset (R)</b>	<b>Belastingskale (R)</b>
<b>0 – 335 000</b>	0% van belasbare omset
<b>335 001 – 500 000</b>	1% van belasbare omset meer as 335 000
<b>500 001 – 750 000</b>	1 650 + 2% van belasbare omset meer as 500 000
<b>750 001 en meer</b>	6 650 + 3% van belasbare omset meer as 750 000